



# basic education

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**EKONOMIE V2**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- |       |   |         |      |
|-------|---|---------|------|
| 1.1.1 | D (implisiete) ✓✓                                 |         |      |
| 1.1.2 | A (volmaakte) / D (monopolisties-mededingende) ✓✓ |         |      |
| 1.1.3 | A (leierskap) ✓✓                                  |         |      |
| 1.1.4 | D (beperk) ✓✓                                     |         |      |
| 1.1.5 | C (stagflasie) ✓✓                                 |         |      |
| 1.1.6 | B (Isimangaliso Vleilandpark) ✓✓                  |         |      |
| 1.1.7 | B (depresiasie van die geldeenheid) ✓✓            |         |      |
| 1.1.8 | C (klimaatsverandering) ✓✓                        | (8 x 2) | (16) |

**1.2 BYPASSENDE ITEMS**

- |       |  |         |     |
|-------|--|---------|-----|
| 1.2.1 | C ('n instrument wat deur die regering gebruik word om openbare projekte te evalueer) ✓  |         |     |
| 1.2.2 | F (bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede wat nie ekonomies van aard is nie) ✓   |         |     |
| 1.2.3 | G (daling in gemiddelde produksiekoste per eenheid soos wat uitset toeneem) ✓  |         |     |
| 1.2.4 | B (hulpbronne wat op so 'n wyse toegeken word dat niemand beter daaraan toe is sonder dat iemand anders slegter daaraan toe is) ✓      |         |     |
| 1.2.5 | A (mense wat deur Suid-Afrika na 'n ander land reis) ✓   |         |     |
| 1.2.6 | D (storting van skadelike stowwe in riviere) ✓   |         |     |
| 1.2.7 | I (styging in uitset met dieselfde faktorinsette) ✓  |         |     |
| 1.2.8 | E (kom voor wanneer die totale vraag na goedere en dienste die totale aanbod van goedere en dienste oorskry en tot prysstygings lei) ✓ | (8 x 1) | (8) |

**1.3 GEE DIE TERM**

- |       |                              |         |     |
|-------|------------------------------|---------|-----|
| 1.3.1 | Monopolistiese mededinging ✓ |         |     |
| 1.3.2 | Vloerprys / minimum pryse ✓  |         |     |
| 1.3.3 | Korttermyn ✓                 |         |     |
| 1.3.4 | Bevel en beheer ✓            |         |     |
| 1.3.5 | Subsidie op produksie ✓      |         |     |
| 1.3.6 | Eiendomsregte ✓              | (6 x 1) | (6) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

**2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van 'n volmaakte markstruktuur.**

- Landbousektor ✓
- Effektebeurs/Aandelebeurs/ ✓
- Buitelandse valutamark ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

**2.1.2 Hoe word oligopolieë beoordeel deur die vorming van 'n kartel?**

Dit stel hulle in staat om pryse vas te stel ✓✓ / mededinging/aanbod te beperk ✓✓ / markkragte te verhoog ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**2.2.1 Watter kromme word gebruik om die aanbod van 'n firma te bepaal?**

MK ✓ (1)

**2.2.2 Identifiseer die hoeveelheid by winsmaksimering.**

60 ✓ (1)

**2.2.3 Beskryf kortliks die term *marginale inkomste*.**

Marginale inkomste verwys na die ekstra bedrag aan inkomste wat met die verkoop van een meer eenheid van produksie verkry is ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**2.2.4 Wanneer sal 'n firma in 'n volmaakte mark sy bedrywighede staak?**

Firmas sal sluit as hulle nie langer hul veranderlike koste kan dek nie /  $MK = GVK$  / wanneer die pryse R30 bereik /  $GI < GVK$  ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**2.2.5 Gebruik die bostaande grafiek om die tipe wins wat deur hierdie firma gemaak word, te bepaal. Toon alle berekeninge.**

$$\begin{aligned} & TI - TK \\ & 50 \times 60 - 50 \times 60 \checkmark \\ & = 3000 - 3000 \checkmark \\ & = 0 \checkmark \end{aligned}$$

Dus maak die firma 'n normale wins.  $\checkmark$

OF

$$\begin{aligned} & (GI-GK) \times Q \checkmark \\ & =(R50- R50) \times 60 \checkmark \\ & =0 \checkmark \end{aligned}$$

Dus maak die firma 'n normale wins.  $\checkmark$

(4)

**2.3 Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae wat volg.**

**2.3.1 Bepaal die aard van die produk wat in hierdie markstruktuur verkoop word.**

Gedifferensieerd/ heterogeen  $\checkmark$

**2.3.2 Watter tipe wins maak monopolistiese mededingers oor die langtermyn?**

Normale wins  $\checkmark$

(1)

**2.3.3 Beskryf kortliks die term *hibriede struktuur*.**

Hibriede struktuur beskryf die feit dat die monopolistiese mededinging bestaan uit kenmerke van beide die volmaakte mededinging en die monopolie  $\checkmark\checkmark$   
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

**2.3.4 Hoekom misluk die monopolie om produktiewe doeltreffendheid te bereik?**


- Die monopolis produseer uitset wat minder as die verlangde uitset is/misluk om gemiddelde koste te minimeer  $\checkmark\checkmark$
  - Ondoeltreffendheid mag voorkom omdat daar geen kompetisie is nie  $\checkmark\checkmark$
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

**2.3.5 Hoe handhaaf oligopolieë hul marktaandeel?**

- Oligopoliste verleng winkelure om groter buigsaamheid aan huishoudings te bied ✓✓
  - Bevorder aanlynaankope, wat dit makliker maak vir klante op goed rond te kyk voor hulle koop, sonder enige ekstra koste/verskeidenheid van goedere beskikbaar om vergelykings te tref ✓✓
  - Implementeer produk differensiasie, waar produkte effens verskil in terme van fisiese voorkoms, verpakking, ens. ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

**2.4 Deur gebruik te maak van TI en TK krommes, trek 'n korrek benoemde grafiek en verduidelik kortliks hoe 'n firma 'n in volmaakte mark wins maksimeer.**



**PUNTETOEKENNING**  
 1 punt – Benoeming van asse in die grafiek/  
 Gelykbreekpunt  
 2 punte – winsmaksimering  
 1 punt – krommes (TI en TK)  
**(Maks 4)**

- Die firma sal maksimumwins verdien waar die verskil tussen die TI en TK die grootste is (by 70 eenhede) ✓✓
  - Dis by 70 eenhede teen prys van R50 ✓✓
  - Enige ander hoeveelheid geproduseer sal lei tot laer winste (Q50) 'n verlies (Q100) of gelykbreekpunt (Q20/85) ✓✓
- (Maks 4) (8)

**2.5 Skryf in breë trekke die uitdagings wat die mededingingsbeleid in Suid-Afrika in die gesig staar in die bereiking van hulle doelwitte?**

Uitdagings wat deur die mededingingsbeleid ervaar word is:

- boetes gehef is te toegeeflik en dek nie die koste wat verbruikers aangegaan het nie ✓✓
- boetes is te toegeeflik, om te dien as afskrikmiddel vir ander besighede wat saamspan en blyk uit die groter aantal firmas wat gereeld ondersoek word ✓✓
- 'n gebrek aan menslike hulpbronne lei tot sommige ondersoeke, of 'n geval van samespanning wat soms nie opgespoor is nie ✓✓
- gevalle van beperkende praktyke neem langer om te ondersoek en verloor meriete in die proses ✓✓
- korrupsie en politieke inmenging/belange voorkom dat sekere gevalle van samespanning behoorlik ondersoek word ✓✓
- sommige samesmeltings en omskakelings beskerm werkers slegs oor die korttermyn. Uiteindelik word werkers afgelê ✓✓
- kunsmatige monopolieë en ander magtige besighede misbruik hul markmag, omdat die mededingingsbeleid faal om geleenthede te skep vir nuwe toetreders tot die mark ✓✓
- die monitering-maatreëls om praktyke van samespanning te identifiseer word in gevaar gestel, as gevolg van 'n gebrek aan inligting, omdat baie ondersoeke na 'n lang tydperk van samespanning plaasvind ✓✓
- die monitering en afdwing van mededingingsbeleide is moeilik as gevolg van die uitgestrektheid van gebiede ✓✓ (Maks 8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

(8)

[40]

**VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES****3.1 Beantwoord die volgende vrae.****3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van terreine in Suid-Afrika wat kulturele toerisme bevorder.**

- Robbeneiland ✓
- Tafelberg Nasionale Park ✓
- Apartheidsmuseum ✓
- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap ✓
- Distrik Ses ✓
- Bo-Kaap ✓
- *Constitutional Hill* ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

**3.1.2 Wat is die negatiewe impak van 'n toename in indirekte belasting op goedere en dienste?**

Dit sal lei tot hoër pryse van goedere en dienste wat die totale vraag sal verlaag en lei tot 'n afplating van die ekonomie ✓✓

(1 x 2) (2)

**3.2 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.****3.2.1 Gedurende watter maand in 2020 was die inflasiekoers buite die teikengrense?**

Mei/Junie ✓

(1)

**3.2.2 Bepaal die styging in die inflasiekoers tussen Junie 2020 en Julie 2020.**

1% ✓

(1)

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *produksieprysindeks*.**

'n Indeks wat die pryse van 'n plaaslik geproduseerde goedere meet en die binnelandse produksie aantoon/ Meet pryse van goedere wat plaaslik geproduseer word wanneer hulle die fabriek verlaat. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**3.2.4 Verduidelik die rede vir die uitsluiting van sekere items van die VPI-mandjie, wanneer kerninflasie bereken word.**

Die owerheid sluit sekere items, soos bevrore voedsel uit, omdat hulle pryse te wisselvallig is / Goedere wat geraak word deur owerheidsinmenging of beleide, bv. subsidies op brood. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**3.2.5 Hoe sal 'n styging in maatskaplike- en werkloosheidtoelaes inflasie beïnvloed?**

- Groter totale vraag na goedere en dienste wat pryse laat styg ✓✓
- Inkomevlakke vir armes en werkloos sal styg, wat verbruiksbesteding sal verhoog ✓✓
- Verhoogde owerheidsbesteding op maatskaplike dienste wat tot 'n toename in totale vraag gelei het ✓✓
- Skep 'n geleentheid vir produsente om die styging in maatskaplike toelaes te gebruik om hul winsmarges te verhoog ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(4)

**3.3 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.**

**3.3.1 Identifiseer die begrip verwant aan die verwydering van bome.**

Ontbossing ✓

(1)

**3.3.2 Noem EEN organisasie wat veldtogte loods vir die volhoubare gebruik van die omgewing.**

- Wêreld Natuurfonds ✓
- Groentrust ✓
- Versamel 'n kannetjie ✓
- Hou Suid-Afrika mooi ✓
- Groen vrede ✓
- Vriende van die aarde ✓
- Reënwood Alliansie ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(1)

**3.3.3 Beskryf kortliks die term *gevaarlike afval*.**

Afvalprodukte wat tyd neem om te ontbind/gevaarlik of giftig vir die lewens van mens en dier ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

**3.3.4 Verduidelik die manier hoe die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (KIHBS) poog om biodiversiteitsverlies te verminder.**

- KIHBS verbind kommersiële internasionale handel op bedreigde spesies ✓✓
- KIHBS gebruik permitte en kwotas om handel in ander spesies mag bedreig kan raak, te reguleer en te monitor ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)



### 3.3.5 Hoe kan die owerheid die uitwissing van dierspesies aanspreek?

- Gemeenskapsleiers moet opleiding ontvang in die gevare van die uitwissing van diere ✓✓
- Moedig gemeenskapslede aan om enige aktiwiteite verwant aan onwettige doodmaak van diere, aan te meld, deur aansporings aan te bied ✓✓
- Toestaan van eiendomsreg aan private individuele en besighede om 'n belangstelling te skep in die bewaring van bedreigde spesies ✓✓
- Verbeter sekuriteit in wildreservate waar meeste bedreigde dierspesies aangetref word ✓✓
- Verbied jagaktiwiteite in gebiede waar diere wat bedreig word deur uitwissing, aangetref word ✓✓
- Oplê van groot boetes op aan diegene wat onwettig jag.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

### 3.4 Bespreek die negatiewe effek van gronderosie op die omgewing.

- Gronderosie kom voor as die grond-bolaag verwyder word deur die wind en water, teen 'n groter spoed as wat dit gevorm word ✓✓
- Dit lei tot verhoogde besoedeling in strome en riviere ✓✓
- Dis 'n groot omgewingsbedreiging tot volhoubaarheid en produktiwiteit omdat dit die grondvrugbaarheid en voedselsekuriteit beïnvloed ✓✓
- Degradeer grond en maak dit minder produktief ✓✓
- Erosie kan lei tot die vernietiging van waterbronne soos damme ✓✓
- Vernietig ekosisteme (weiding vir diere) ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(4 x 2)

('n Maksimum van 4 punte sal toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

(8)

### 3.5 Hoe sal lae inflasieverwagtings deur die verbruiker, inflasie binne die teikengrense hou?

Lae inflasieverwagtings:

- beperk buitengewone looneise deur verskillende vakbonde, omdat werkers nie 'n styging in lewenskoste in die toekoms verwag nie ✓✓
- laat verbruikers toe om verbruiksbesteding uit te stel en so die druk op prysstygings te verminder ✓✓
- vestig vertroue by huishoudings dat die inflasiekoers laag sal wees in die toekoms, wat hulle aanmoedig om meer van hul inkomste te spaar, en buitengewone hoë vraag beheer ✓✓
- verminder paniekaankope van verbruikers, wanneer hulle verwag dat pryse stabiel in die toekoms sal wees ✓✓
- versterk reële rentekoerse wat besparings sal aanmoedig ✓✓
- verhoog die las op debiteure wat hulle ontmoedig om geld te leen as gevolg van die reële rentekoers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(8)

('n Maksimum van 2 punte sal toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

[40]

**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES****4.1 Beantwoord die volgende vrae.****4.1.1 Noem enige TWEE van die vernaamste internasionale ooreenkomste in volhoubare ontwikkeling.**

- Rio de Janeiro ✓
- Johannesburg Aardeberaad ✓
- Kyoto Protokol ✓
- COP 17 ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) **(2)**

**4.1.2 Hoekom bevoordeel homogene produkte verbruikers?**

Verbruikers word standaardprodukte gewaarborg, omdat hulle toegelaat word om by enige verkoper te koop ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) **(2)**

**4.2 Bestudeer die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.****4.2.1 Watter tipe monopolie word in die uittreksel hierbo bespreek?**

Natuurlike monopolie / Staatsbeheerde monopolie ✓ **(1)**

**4.2.2 Wat bepaal die hoeveelheid wat deur 'n monopolie verkoop word?**

Markaanbod/inkomste/koste ✓ **(1)**

**4.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese wins*.**

Ekonomiese wins word behaal wanneer totale inkomste groter is as die totale koste/gemiddelde inkomste is groter as die gemiddelde koste/wins wat bo (bykomend tot) die normale wins gemaak word. ✓✓ **(2)**

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**4.2.4 Verduidelik die relatiewe onelastiese aard van die vraagkromme vir die monopolis.**

- Monopoliste verkoop unieke produkte sonder naby-substitute/verbruikers het geen ander alternatiewe opsies van goedere en dienste nie ✓✓
- Mededinging is beperk vanweë die unieke aard van die produk of groot aanvangskapitaal wat besighede benodig ✓✓ **(2)**

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**4.2.5 Hoekom is dit moeilik om tot 'n monopolieemark toe te tree?**

- Die regering stel beperkings, wat dit moeilik maak vir nuwe firmas om tot die monopoliebedryf toe te tree ✓✓
- Strategiese nywerhede in die land het hindernisse nodig om die mark teen penetrasie te beskerm ✓✓
- Hoë ontwikkelingskoste (groot kapitale-uitleg) nodig om tot so 'n mark toe te tree ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

**4.3 Bestudeer die inligting en beantwoord die vrae wat volg.****4.3.1 Watter staatsdepartement is verantwoordelik vir die toestaan van bemarkbare permitte?**

Departement van Mineraalbronne en Energie ✓ (1)

**4.3.2 Noem EEN markverwante maatreël om die omgewing te beskerm.**

- Herwinning ✓
  - Omgewingsvriendelike produkte ✓
  - Tegnologie ✓
  - Hernubare energie ✓
  - Verhandelbare vrystellingspermitte ✓
  - Opeenhopingsheffings ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

**4.3.3 Beskryf kortliks die term *bemarkbare permitte*.**

'n Lisensie uitgereik deur die owerheid wat elke besigheid toelaat om tot 'n sekere mate te besoedel ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**4.3.4 Verduidelik die effek van koolstof-vrystelling op landbouproduksie.**


Koolstof-vrylatings kan lei tot suurreën, of 'n verandering in klimaatstoestand, wat landbouprodukte sal vernietig en daardeur produksie verlaag ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**4.3.5 Hoe dra groenbelasting tot die bevordering van 'n meer volhoubare omgewing by?**

- Produksie van skadelike produkte tot die omgewing word ontmoedig ✓✓
- Die pryse van goedere styg, wat produsente sal dwing om meer omgewingsvriendelik te wees ✓✓
- Verbruik (uitset) van goedere wat omgewingsonvriendelik is, word verminder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

**4.4 Verduidelik kortliks, met die hulp van 'n korrek benoemde grafiek, hoekom dit verkieslik vir oligopolieë is, om teen markprys te verkoop.**



- As oligopoliste teen markprys verkoop, verdien hulle 'n groter inkomste ✓✓
- Veronderstel 'n oligopolis verkoop teen 'n markprys van R70 en 40 eenhede geproduseer, verkoop. Totale inkomste is  $R70 \times 40 = R2\,800$  ✓✓
- As 'n firma winste wil verhoog deur die prys tot R90 te verhoog, sal die hoeveelheid gevra daal tot 10 eenhede en totale inkomste sal daal tot  $R90 \times 10 = R900$ /as 'n firma winste verhoog deur die prys te verlaag tot R60, sal die hoeveelheid gevra styg tot 42 eenhede, en die totale inkomste sal  $R2\,520$  wees ✓✓

Grafiek: 4 punte  
Verduideliking: 4 punte

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

(8)

#### 4.5 Hoe sal die owerheid produsente aanmoedig om inflasie te bestry?

Die regering kan produsente aanmoedig om inflasie te bekamp deur:

- Betaling van kontanttoelae aan produsente om hulle aan te spoor om meer goedere en dienste te produseer om in die oortollige vraag te voorsien. ✓✓
- Voorsiening van subsidies op produksie om produksiekoste te verlaag en produsente in staat te stel om laer pryse te vra. ✓✓
- Aanmoediging van kompetisie om die vestiging van klein ondernemings te bevorder om sodoende die totale aanbod te verhoog. ✓✓
- Verbeter die doeltreffendheid van parastatale wat insetdienste lewer om die koste van besigheid doen te verlaag ✓✓ bv. Eskom. ✓
- Verwydering van onnodige wette en regulasies om produsent doeltreffendheid aan te moedig
- Handhawing van wisselkoersstabiliteit om te verseker dat produsente produksie-insette invoer teen laer koste ✓✓ bv. olie en voertuig-onderdele. ✓
- Verlaging in korporatiewe belasting, wat die koste sal verlaag en sodoende produksie aanmoedig ✓✓
- Onderhandeling met lande vir verlaagde tariewe op ingevoerde insette wat die produksiekoste sal verminder ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

(8)  
[40]

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek die oorsake van markmislukking in detail.** (26 punte)
- **Hoe effektief was staatsbesteding, om markmislukking aan te spreek?** (10 punte) [40]

**INLEIDING**

Markmislukking kom voor as markkragte van vraag en aanbod nie kan verseker dat die regte hoeveelheid goedere en dienste geproduseer word om te voldoen aan die vraag, teen die regte prys nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL****Eksternaliteite ✓**

- Staan bekend as oorspoeleffekte aan derdeparty wat nie direk by die produksieproses betrokke is nie ✓✓
- As eksternaliteite in produksie en verbruik dikwels bestaan, en uitset gewoonlik gebaseer is op private koste en voordele, is dit 'n belangrike oorsaak van markmislukking ✓

## Negatiewe eksternaliteite ✓

- Negatiewe eksternaliteite is koste vir derde partye wat nie by die markprys ingesluit is nie, ✓✓bv. besoedeling ✓
- Die koste van negatiewe eksternaliteite soos swak gesondheid word nie deur die produsente betaal nie. ✓✓
- Hierdie goedere word dus in die ekonomie oorgeproduseer, wat nie sosiaal wenslik is nie. ✓✓

## Positiewe eksternaliteite ✓

- 'n Positiewe eksternaliteit vind plaas wanneer 'n voordeel deur 'n tweede of derde party verkry word uit die optrede of besluit van 'n ander party, ✓✓bv Onderwys ✓
- Hierdie goedere word dikwels ondergeproduseer deur die mark en die regering tree in om voorsiening te maak vir die tekorte. ✓✓

('n Maksimum van 4 punte sal toegeken word vir grafiese illustrasie)

**Publieke goedere ✓**

Aansienlike markmislukking word ondervind as sommige goedere en dienste geproduseer word, ongeag of dit benodig of gewens is ✓✓

- Markte kan slegs ontwikkel onder sekere toestande en waar hierdie toestande afwesig is, sukkel markte om te bestaan ✓✓
- Publieke goedere word nie verskaf deur die markmeganisme nie, omdat produsente nie goedere kan weerhou weens nie-betaling nie; daar is dus geen manier om te bepaal hoeveel 'n persoon verbruik nie en geen basis om 'n markprys te bepaal nie ✓✓

- **Gemeenskapsgoedere:** is goedere soos die weermag, polisie diens, gevangenis diens, straatbeligting, vloedbeheer, stormwaterdreinerings en vuurtorings ✓✓
- **Kollektiewe goedere:** is goedere en diens soos parke, strande en strandfasiliteite, strate, sypaadjies, paaie, brûe, publieke vervoer, rioolstelsels, afvalverwydering, waternetwerke en vuilgoedverwydering ✓✓

### **Meriete goedere en nie-meriete goedere:** ✓✓

- **Meriete goedere:** sommige goedere is hoogs wenslik vir die algemene welvaart van die mense van 'n land, maar is dikwels nie as belangrik beskou deur die mark nie ✓✓
- As mense markpryse daarvoor moet betaal, sal min verbruik word ✓✓
- **Nie-meriete goedere:** items soos sigarette, alkohol, en nie-voorskrif medisyne is voorbeelde van nie-meriete goedere ✓
- In vrymarke ekonomieë, word hierdie goedere oorverbruik ✓✓
- Die owerheid kan verbruik verbied of verminder, deur middel van belasting soos aksynsregte ✓✓ en inligting oor die skadelike nuwe-effekte daarvan verskaf ✓✓

### **Onvolmaakte mededinging** ✓

- In marke ekonomieë, word mededinging benadeel deur mag ✓✓
- Mag lê dikwels tot 'n groter mate by produsente, eerder as verbruikers ✓✓
- Meeste besighede funksioneer onder toestande van onvolmaakte mededinging wat produsente toelaat om uitset te beperk, pryse te verhoog en produseer waar pryse die marginale koste oorskry ✓✓

### **Gebrek aan inligting** ✓

- Verbruikers, werkers en entrepreneurs beskik nie altyd oor die nodige inligting om rasionele besluite te neem nie ✓✓
- **Verbruikers:** Alhoewel vordering wat gemaak word in tegnologie, wat meer mense toegang gee tot die nodige inligting, is die inligting nie volmaak nie ✓✓
- **Werkers:** hulle is dikwels onbewus van werksgeleenthede buite hul huidige werk ✓✓
- **Entrepreneurs:** 'n Gebrek aan inligting oor koste, beskikbaarheid en produktiwiteit van sommige produksiefaktore, laat hulle funksioneer op die basis van foutiewe inligting ✓✓

### **Onbeweeglikheid van produksiefaktore** ✓

- Meeste markte kan nie vinnig by veranderinge in vraag en aanbod aanpas nie ✓✓
- **Arbeid** neem tyd om te beweeg na ander beroepe en geografies om te voldoen aan die veranderinge in verbruikersvraag ✓✓
- **Fisiese kapitaal:** fabrieksgeboue en infrastruktuur soos telefoonlyne, brue, spoorlyne en lughawens is nie beweeglik nie ✓✓
- Die tipe kapitaal hou vir baie jare maar kan nie verskuif word om aan te pas by die vraag nie ✓✓
- **Tegnologiese toepassings verander produksiemetodes:** tegnologie gebruik in die produksie kan verander, soos die gebruik van robotte eerder as arbeid in myne ✓✓
- Dit neem die meeste nywerhede lank om aan te pas by groter tegnologiese veranderinge ✓✓
- Werkers moet aanpasbaar wees, hul vaardighede opgradeer en in staat wees om van werk te verander, sowel as werkspatrone ✓✓

**Onvolmaakte verspreiding van inkomste en rykdom ✓**

- Die belangrikste tekortkoming van markstelsels is dat dit neutraal staan teenoor inkomsteverspreiding ✓✓
- As die aanvanklike verspreiding oneweredig is, sal die finale verspreiding ook so wees ✓✓
- Vir hierdie rede, word daar geargumenteer dat die mark misluk ✓✓ (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL****Hoe effektief het staatsbesteding markmislukking aangespreek?**

Staatsbesteding is effektief in die aanspreek van markmislukking deur:

- direkte oordrag van inkomste aan die armes soos kinderondersteuning-toelaes, werkloosheid voordele wat inkomste-ongelykheid verminder ✓✓
- verskaffing van goedere gratis, bv. gemeenskapsgoedere, onderwys ✓ en toegang tot basiese behoeftes vir alle landsburgers ✓✓
- implementering van werkskeppingsprogramme, wat werksgeleenthede sal skep en vaardighede vir alle tipes arbeid verbeter ✓✓ bv. Publieke werke programme, subsidiëring aan produsente om produksie van merietegoedere aan te moedig, omdat dit tot voordeel van die gemeenskap strek ✓✓
- besteding op veldtogte wat die publiek inlig oor beleide en wetgewing wat hulle teen uitbuiting beskerm ✓✓
- belegging in infrastruktuurontwikkeling soos paaie, spoorlyne en kommunikasienetwerke, omdat die privaatsektor dit niewinsgewend vind of moeilik om te finansier ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Maks 10)

**SLOT**

Markmislukking het vernietigende effekte op die ekonomie wat vereis dat die owerheid inmeng om die gevolge te verminder ✓✓ (Maks 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord)

**[40]**



**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

- **Bespreek die voordele van toerisme in detail.** (26 punte)
- **Bepaal die impak van Covid-19 op die toerismebedryf.** (10 punte) [40]

**INLEIDING**

Toerisme verwys na aktiwiteite van mense wat reis na en bly in plekke buite hul gewone omgewing, vir nie meer as een aaneenlopende jaar vir verskillende redes ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL****Huishoudings ✓**

- Huishoudings mag bevoordeel word deur 'n styging in inkomste en geleenthede vir indiensneming en entrepreneurskap ✓✓
- Individue ontvang opleiding deur programme wat daargestel is om toerisme te bevorder ✓✓
- Huishoudings kan indirek betrokke raak by toerisme as werkgewers in die hotelbedryf, finansiële instellings ens. ✓✓
- Hulle trek voordeel uit verbeterde infrastruktuur, wat geskep is vir toeriste alhoewel plaaslike mense dit ook kan gebruik ✓✓
- Hulle verkry vaardighede uit dit wat vereis word deur die toerismebedryf ✓✓
- Inkome verdien word spandeer in hulle gemeenskappe, en hulle dra by tot die plaaslike ekonomie ✓✓
- Entrepreneurs van huishoudings funksioneer as toergidse ✓

**Besighede ✓**

- Formele sektor aktiwiteite word bevorder deur toerisme ✓✓ bv. maatskappye wat die opdrag kry om infrastruktuur soos hotelle en paaie te bou ✓✓
- Toerisme bevoordeel plaaslike besighede en maatskappye deur 'n styging in besteding op goedere en dienste wat deur plaaslike besighede aangebied word ✓✓
- Die informele sektor word bevoordeel omdat handel in tradisionele produkte soos kuns en handwerk plaasvind ✓✓
- Banke neem tellers in diens wat lei tot groter indiensneming ✓✓
- Die sake-omgewing raak gestimuleer in landelike en stedelike gebiede, wat entrepreneursgeleenthede bevorder en BEE bevoordeel ✓✓
- Toeristebestemmings word ontwikkel deur die publieke en private vennootskappe (PPV's) ✓✓

**Owerheid ✓**

- Die owerheid word bevoordeel uit inkomste van toeriste ✓✓
- Toerisme stel die owerheid in staat om die land se toerismepotensiaal te adverteer ✓
- Direkte en indirekte bydraes tot die staatsinkome deur heffings op toeriste ✓✓ - daar is twee oogmerke:
  - Verhaling van eksterne koste ✓ dit help die gasheer gemeenskap om infrastruktuur te verskaf ✓✓

- Om 'n inkomste te verkry ✓ - met groei van toerisme, hef baie lande toeristebelasting wat gebruik word as 'n bron van inkomste ✓✓
- Inkomste verdien kan gebruik word om toerisme in die land te bevorder ✓✓
- Hierdeur stel dit die owerheid in staat om sy maatskaplik-ekonomiese doelwitte, informele sektor groei, SEB en KMMO-ontwikkeling te bereik ✓✓

### Infrastruktuur-ontwikkeling ✓

- Vir enige land om beskou te word as 'n toeriste-bestemming, moet die fisiese infrastruktuur voldoende wees en goed onderhou word ✓✓
- Die behoeftes van 'n groot aantal toeriste in enige land vir akkommodasie en infrastruktuur, lei tot die oprigting van hotelle en verbetering in die bestaande infrastruktuur ✓✓
- Saam met die private sektor het die owerheid infrastruktuur ontwikkel en opgradeer om aan die eise en verwagtinge van toeriste te voldoen ✓✓
- Plaaslike inwoners en toeriste word bevoordeel deur die infrastruktuur ✓✓
- Toeriste vereis 'n maatskaplike infrastruktuur bv. klinieke en ambulanses ✓✓

Die volgende positiewe gevolge van toerisme moet ook oorweeg word:

Bruto Binnelandse Produk (BBP) ✓

Reis en toerisme dra direk en indirek by tot die BBP. ✓✓

Die direkte bydrae van reis en toerisme weerspieël die interne besteding van reis en toerisme deur inwoners en nie-inwoners vir sake- en ontspanningsdoeleindes ✓✓, byvoorbeeld besteding aan akkommodasie, voedsel, kleinhandel, vervoer en bestemmingsdienste, en die besteding van die openbare sektor wat direk aan besoekers gekoppel is.. ✓✓

Die indirekte bydrae sluit in aankope van verskaffers van goedere en dienste deur die sektore wat direk met toeriste te doen het ✓✓ - insluitend die aankoop van skoonmaakdienste deur hotelle, of brandstof- en spysenieringsdienste deur lugdienste en IT-dienste deur reisagente. ✓✓

Indiensneming ✓

Toerismesektor is 'n groot werkverskaffer om die volgende redes:

Toerisme is arbeidsintensief. Dit het die laagste verhouding tussen investering en werkskepping ✓✓

Toerisme gebruik baie vaardighede. Daar is plek vir bykans enige vaardigheid in die toeristebedryf, soos rekenmeesters, haarkappers, toergidse, ens. ✓✓

Toerisme skep onmiddellike indiensneming Indien toerisme behoorlik georganiseer en gefokus is, kan dit baie werksgeleenthede binne 'n kort periode skep ✓✓

Toerisme verskaf entrepreneuriese geleenthede. Die toerismesektor akkommodeer informele sektor besighede van handwerk en vrugtesmouse tot sypaadjiehandelaars stoelverhurings en ander. ✓✓

Armoedeverligting ✓

• Toerisme bring ontwikkeling na die arm landelike gebiede. ✓✓

• Toerisme bied geleenthede om die bronne van inkomme vir arm mense te diversifiseer. ✓✓

Gee hulle 'n aandeel: byvoorbeeld om kleinskaalse toerisme-ondernemings rondom gemeenskapsbates te begin en te bedryf en om KMMO's te stig om dienste te lewer. ✓✓

Bemagtiging: bv. benut geleenthede vir indiensopleiding en ander vorme van opleiding ✓✓

Skep ennootskappe: skakel met hoofstroom toerisme-ondernemings wat goedere en dienste voorsien.

Oorweeg insette wat verband hou met die voordele vir internasionale toeriste  
(maks 26)

### **ADDISIONELE DEEL**

#### **Bepaal die impak van Covid-19 op die toerismebedryf.**

- 'n Negatiewe impak op die vraag na toerisme dienste, as gevolg van grendeltyd reëls ✓✓
- Meeste besighede in die sektor speel bankrot wat lei tot sluiting, en werkloosheid verhoog ✓✓
- 'n Skerp afname in die bydrae van hierdie sektor tot die BBP, omdat die grense van die land gesluit is en geen reise toegelaat was nie ✓✓
- Grootse reisbeperkings lei tot 'n skerp daling in verbruiker- en sakebesteding wat 'n ekonomiese resessie tot gevolg het ✓✓
- Meeste toerisme infrastruktuur was onbenut, alhoewel vaste koste op hierdie strukture betaal moes word ✓✓
- Arm gemeenskappe wat grootliks afhanklik is van die toerisme sektor vir inkomste generering, is deur Covid-19 ontnem van hierdie inkomste, wat hulle meer kwesbaar gelaat het ✓✓
- Bevordering van plaaslike toerisme en die oproep van die president aan die toerismesektor, het gelei tot prysverlagings ✓✓
- Sodra die grendel-vlakke verlaag is, het plaaslike toerisme tussen provinsies toegeneem ✓✓
- Die opening van die ekonomie lei tot 'n toename in saketoerisme ✓✓

('n Maksimum van 2 punte vir blote opnoem van feite)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Aanvaar die positiewe evaluering van COVID19 op toerisme)

(Maks 10)

### **SLOT**

Alhoewel globalisering toerisme tussen lande vermeerder het, het COVID19 die groei van toerisme aansienlik verminder, wat groot uitdagings vir die ekonomie geskep het ✓✓

(Maks 2) **[40]**

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde slot)

**TOTAAL AFDELING C: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**